

Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org



Die God van heerlijkheid en die geboorte en lewe van die kerk

Reeks preke oor die openbaring van die God van heerlijkheid, Christus, in die lewe van Abraham

Dr AH Bogaards

2012

Preek 4

Lees: Genesis 13, Matteus 6:19-34

Teks: Genesis 13:10,11,14 (Reeks Abraham nr.4)

Datum: 22 April 2012

Psalms: Ps.122:1,2; Sk 27; 121:1,2; 123:1,2; 84:5,6

1. Inleiding.

Hierdie lewe is een groot keuse. Ons moet kies: vir God of teen God, vir die wêreld of teen die wêreld. En ons keuse kan rampspoedige gevolge hê: nie net vir onself nie, maar ook vir mense na aan ons.

Hierdie keuse van ons word bepaal deur ons oë. Ek bedoel maar: Word ons oë vasgevang deur dit wat die wêreld bied? Of is ons oë gevestig op die HERE en sy Woord?

Ek oordink ons teksverse met u aan die hand van twee hoofpunte:

1. Lot kyk met oë wat van begeerte brand;
2. Abram kyk met oë wat deur die Woord verlig is.

2.1. Lot kyk met oë wat van begeerte brand.

In Genesis 13 ontmoet ons vir die tweede maal vir Lot, die broerskind van Abram.

In Genesis 12:5 word sy naam die eerste maal genoem. Daar hoor ons hoe hy saam met sy oom, Abram, getrek het. Hoekom hy saamgegaan het, word nie vir ons gesê nie. Dit sou sekerlik nie om finansieële gewin gewees het nie. Immers, Abram moes die gerief van Ur van die Chaldeërs agter hom laat en die weelde van Mesopotamië verruil vir 'n moeisame swerwersbestaan, sonder om te weet waar hy sou kom.

Ons kan daarom met veiligheid aanneem dat daar by Lot geestelike beweegredes was: Hy het onder die invloed van sy oom gestaan. Toe Abram deur die HERE geroep is, het dit op Lot 'n diep indruk gemaak en hy het saamgetrek. Lot was dus 'n gelowige. Dit weet ons ook uit 2 Petrus 2:8. Daar word Lot immer 'n regverdige genoem.

Weet ons dit, dan maak hierdie geskiedenis op ons nog 'n des te groter indruk, want hier sien ons: Óók egte kinders van God kan van die regte weg afwyk. En ons sien hoe ramspoedig dit met 'n gelowige kan gaan as hy of sy die pad van die HERE byster raak. Ja, Lot kom óók uiteindelik in die veilige hawe tereg - maar as 'n wrak. Ja, Lot word óók behou - maar soos deur vuur heen. En wat het van sy vrou en kinders geword ...!?

Maar kom ons let op die besonderhede van hierdie geskiedenis:

Lot het dus saam met sy oom die Groot Trek meegemaak. Sáám was hulle na Kanaán en sáám met Abram was hy in Egipte.

Helaas het alles nie so mooi gebly nie. Daar het twis ontstaan tussen die veewagters van Lot en die veewagters van Abram. Vanweë die grote van die kuddes was daar nie genoeg weiding en drinkwater vir almal nie. 'n Skeiding was onafwendbaar. Daarom gee Abram aan Lot die eerste keuse: *Gaan jy links, dan sal ek regs gaan, en gaan jy regs, dan sal ek links gaan.*

En Lot kies. Maar - hy kies VERKEERD!

Hoe het dit gebeur? Vers 10 gee die antwoord: *Toe slaan Lot sy oë op...* Lot kyk. Maar - nêrens hoor ons dat Lot die HERE geraadpleeg het nie. Nêrens lees ons dat hy op sy knieë gegaan en die HERE gevra het: HERE, wat wil u hê moet ek doen, nie? Nee, hy kyk en dan kies hy ... verkeerd.

Daarmee begin die verkeerde keuse altyd: met kyk. Eva sien óók dat die boom goed was om van te eet. Dina, Jakob se dogter, het óók uitgegaan om die dogters van land te besien. Ons oë is die toegangspoort tot ons hart. Ons oë is die invalspoort vir die Satan. Soos deur 'n magneet word ons oë aangetrek deur die verlokkinge en die begeerlikhede van die wêreld ... en ons kies – en ons kies verkeerd.

Dit begin alles deurdat ons ons oë opslaan. Ons wil net so bietjie kyk. Net kyk, niks meer nie. Is dit dan so verkeerd? Ons wil net kyk na daardie seksverhaal op TV; ons wil net kyk wat in daardie banale artikel staan; ons wil net sien of daardie boek werklik so sleg is. Nee, nee, ons wil beslis nie meedoen aan die verkeerde dinge nie. O nee! Ons wil net kyk. En so begeef ons ons in verkeerde geselskap en stel ons ons bloot aan allerlei wêreldse dinge.

MAAR moet nie vergeet nie: Eers sien Lot Sodom, toe kies Lot Sodom. Spreuke 4 vers 23 sê nie verniet dat ons ons hart moet bewaak bo alles wat bewaar moet word nie (Spr 4:23). En wie sy hart wil bewaar, moet sy oë bewaar, want Satan dring deur ons oë die vesting van ons hart binne. Daarom sê Spreuke 4:20-22 ook uitdruklik: My seun, luister na wat ek sê, neig jou

oor tot my woorde, laat hulle nie wyk uit jou oë nie, bewaar hulle binne-in jou hart. Want hulle is die lewe vir die wat hulle vind ...

Toe Lot sy oë opslaan, was hy totaal en al meegevoer. Want Sodom was 'n uitsonderlike mooi land. Water was daar volop en *voordat die HERE Sodom en Gomorra verwoes het, was dit in die rigting van Soar soos die tuin van God, soos Egipteland*. So staan dit in vers 10. Ja, die Satan verstaan die kuns om die verkeerde so aanloklik as moontlik aan ons voor te hou.

Lot was verblind deur die verleiding van die rykdom (Mt 13:22). Paulus skrywe vir Timothëus: Maar die wat ryk wil word, val in allerhande versoekinge en strikke en baie dwase begeerlikhede (1 Tm 6:9). Dit is wat met Lot gebeur het. En dit het begin slegs deur te kyk.

En dan sien ons in die vervolg die ontsettende suigkrag van die sonde. Al dieper en dieper word Lot die moeras van die sonde ingetrek. Want in vers 12 lees ons: *Lot het sy tente tot by Sodom opgeslaan* het. Dit beteken: Lot het al nader en nader aan Sodom getrek. Lot was aanvanklik nie regtig van plan om in Sodom, die goddelose stad, te gaan woon nie, maar Sodom het hom getrek. Sien u wat 'n geweldige trekkrag die sonde het? Ja, dit bly nie by net kyk nie, maar dit gaan van kwaad na erger.

Lot het gekyk, ja, maar hy het nie goed gekyk nie. Want in vers 13 staan: *En die manne van Sodom was sleg en groot sondaars voor die HERE*. God sien dit. Maar Lot sien dit nie. Hy sien wel die materieële voordele, die rykdom van Sodom, maar hy sien nie die nadele nie. Hy is blind vir die geestelike bedreiging en die sedelike verderf van dié wêreldstad. Hy dink nie aan die goddelose invloed van daardie mense op hom en op sy gesin nie. Al waarvoor hy oog het, is die voorspoed, die geld. Hy stel die finansieële voorspoed van sy gesin bo hulle geestelike welvaart.

Is ons in hierdie opsig nie ook maar baie soos Lot nie? Ons sal alles doen om ons inkomste te vermeerder, desnoods ook deur onnodige Sondagsarbeid. En dan gaan dit vir ons daaroor dat ons ons gesin die heel beste wil gee op materieële terrein. Maar gebeur dit dan nie heel dikwels dat hulle geestelik gebrek ly en in die grootste gevaar kom nie? Want in al ons gejaag na geld het ons nie meer tyd of genoeg tyd vir huisgodsdienste nie.

In Lot se lewe sien ons die tragiese gevolge van 'n verkeerde keuse. In sy gesin het dit totaal en al verkeerd geloop. Hulle het onder die invloed van die wêreld gekom.

1. Eerstens kan ons dink aan **die vrou van Lot**. U ken die geskiedenis van Lot se vlug uit Sodom: hoe sy vrou agterom gekyk het en hoe sy ook deur die oordeel van God getref is toe sy in 'n soutpilaar verander het. Waarom het sy omgekyk? Omdat sy vasgevang was deur die afgod, Mammom, die god van die geld. Omdat sy dit nie kon verdra dat sy nou alles wat vir haar so dierbaar was, moes verloor nie. Haar hart het

daaraan verknog geraak en daarin was Lot nie onskuldig nie! Immers hy het gekies vir Sodom.

2. Tweedens dink ek ook aan **die kinders van Lot**, sy twee dogters. Eers hoor ons dat hulle verloofdes, goddelose manne, uit Sodom gekies het. Ag, die regverdige Lot het hom sekerlik baie daaraan geërger, maar wat kon hy sê? Hy het immers self vir Sodom gekies! Hy het immers self die verkeerde voorbeeld gestel! En uiteindelik het sy eie dogters, besoedel met die sonde van Sodom, met hulle eie pa gemeenskap gehad daar in die grot buite Sodom.

Die gevolg van Lot se verkeerde keuse was dat hy dus uiteindelik alles verloor het: sy gesin en sy ganse besit.

Dink ons nog aan die gevolge van ons keuses vir ons kinders, vir ons eggenoot of eggenote, vir ons kerk, ons omgewing?

Ons kom by die tweede, die keuse van Abram:

2.2. Abram kyk met oë wat deur die Woord verlig is.

Wat 'n mens dadelik opval, is die groot verskil tussen die optrede van Lot en die van Abram.

Ek wil die verskille vir u uitlig:

- Beide die manne slaan hulle oë op, Lot sowel as Abram. Maar LOT doen dit sonder om die HERE te vra: HERE, wat wil u hê moet ek doen? ABRAM daarenteen slaan sy oë op op bevel van die HERE. In vers 14 kom die woord van die HERE naamlik tot hom: (*Abram*), **slaan tog jou oë op en kyk ...** Ons kan gerus sê: Die groot verskil tussen hierdie twee manne is dat Abram hom laat lei deur die Woord van die HERE en Lot nie.
- LOT laat hom lei deur die begeerte van sy oë: hy sien die vrugbare Jordaan-vlakte en die weelde van die Sodom-gebied en dit bepaal sy keuse. Rykdom, materialisme, die afgod van besit, word die leidsman van sy lewe. Hoe anders is dit nie by ABRAM nie: sy oë is nie vasgevang deur die wêreld en sy begeerlikheid nie, maar die HERE vestig sy oë op sy beloftewoord: **Slaan tog jou oë op en kyk...want die hele land wat jy sien, sal Ek aan jou gee en aan jou nageslag tot in ewigheid...** Ons kan maar sê: Abram laat hom lei deur die weelde, nie van hierdie wêreld en van dit wat die wêreld hom bied nie, maar die onmeetbaar groot rykdom van God se beloftewoord. Die Bybel is Abram se leidsman.
- LOT kies self. Hy ken die HERE hoegenaamd nie in die saak nie. ABRAM daarenteen kies nie self nie. Hy laat dit in die hande van die HERE. God kies vir hom: Abram, kyk, die beloftes wat die HERE vir jou gee, die land Kanaän, God se genadige keuse vir jou!

- LOT kies Sodom. Lot kies die verderflike, verganklike wêreld. En hierdie wêreld en sy begeerlikhede vergaan. En dit moes Lot so pynlik, pynlik ervaar in die verwoesting van Sodom en Gomorra. En ABRAM? Ja, vir hom word gekies, en hy ontvang Kanaän. En wat is Kanaän anders as beeld van die nuwe aarde en die nuwe hemel wat nooit vergaan nie. Ons kan dit ook so sê: Lot begeer die wêreldstad, Sodom. Abram daarteenoor kry die nuwe Jerusalem. Immers, in Hebreërs lees ons dat God vir Abram en sy nageslag 'n stad berei het(11:16) en dat Abram na daardie stad verlang het: ***Want hy het die stad verwag wat fundamente het, waarvan God die boumeester en oprigter is.***
- LOT neem self. Hy besluit: dit is wat ek wil hê, die hele Jordaanstreek. En gulsig-begerig gryp Lot toe. Hoe anders tree ABRAM nie op nie: hy vat nie, maar hy ontvang. Hy vat nie, maar vir Abram word gegee. ... ***die hele land wat jy sien, sal Ek aan jou gee... Ek sal***, dit is: die HERE sal, Hy sal vir Abram gee, Hy sal vir hom sorg. Lot is beeld van die mens wat vir homself wil sorg. Abram daarenteen is voorbeeld van hulle wat hul lewe in die hande van God lê en uit sy hande lewe en ontvang. Maar kyk nou die verskil: wat Lot ontvang is tydelik, wat Abram ontvang is ewig. Wat Lot vat, is verganklik, wat Abram kry, is blywend - dit bly tot in ewigheid. Want dit is 'n hemelse erfdeel.
- Dit is beslis nie 'n onverskillige saak deur wat ons oë gelei word nie, deur die begeerte van ons oë of deur die lig van God se Woord, nie. Dit sien ons ook in die verdere verloop van hierdie twee manne se lewens. Hoe ramspoedig het dit nie met LOT gegaan nie. In sy lewe het alles verkeerd geloop. Hy het sy gesin verloor: Sy vrou het gesterf onder die gerig van God en sy kinders is besoedel met die walglike sonde van Sodom. En gaan ons nog 'n stap verder en kyk ons wat geword het van Lot se nageslag, die kinders wat gebore is uit die seksuele gemeenskap tussen hom en sy dogters: Dit was die Ammoniete en die Moabiete, heidense volkere. Deur Lot se verkeerde keuse het sy nageslag dus weggesink in die heidendom. Stel nou teenoor hierdie rampsalige weg van Lot die welgeluksalige pad van ABRAM: hy mog leef onder die seënende hand van die HERE. IS DIT DAN NIE VEEL EN VEEL BETER OM ONS TE LAAT LEI DEUR DIE WOORD VAN GOD NIE EN DAT DIT ONS OË SAL VERLIG NIE?

→ Ons kan die verskil tussen Abram en Lot ook saamvat in die woorde uit Jesus se Bergrede (Mt 6:33) waar Hy dit het oor die soeke na kos en klere en waar Hy dan antwoord: ***Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.*** Soek *eers* die koninkryk van God. Daarmee leer Jesus ons wat die eerste op ons prioriteitslys moet wees: nie rykdom, nie besit, nie aardse goed nie, maar wat die wil van die Here is. En is dit nie die groot verskil tussen Lot en Abram nie? Ja, Lot het gesoek na die ander dinge, na aardse voorspoed. Nee, dit was sekerlik nie dat die geestelike dinge vir hom

onbelangrik was nie, maar dit was vir hom nie die vernaamste nie. Vir Abram daarteenoor het dit gegaan om: wat wil die HERE. Dit wil sê die koninkryk van God en sy geregtigheid was vir hom die belangrikste.

Dit was treurig, hierdie skeiding tussen Lot en Abram. Allerhande sondige motiewe het daarby by Lot 'n rol gespeel. En tog het die HERE ook hiermee sy heilsame bedoelings vir Abram gehad. Nee, daarmee sê ek nie dat Lot se sondes God se skuld was nie. Die sonde kom altyd op die mens se rekening. Maar God het die twis gebruik om Lot en Abram van mekaar te skei. Dit was noodsaaklik.

Want wat was die probleem? Wel, u weet dat Abram kinderloos was. Daar is Skrifverklaarders wat sê: Uit die geskiedenis kan ons aflei dat Abram gehoop het dat Lot sy erfgenaam sou word. Abram het dus self probeer om die probleem van sy kinderloosheid op te los. Hy wou self sorg dat die belofte van die HERE oor 'n groot nageslag in vervulling gaan. Maar Abram moes leer om dit in die hande van die HERE te laat, om op Hom alleen te vertrou dat **Hy** kan en sal doen wat Hy beloop het. Daarom het die HERE hierdie breuk bewerk. Die beloofde saad sal kom, maar nie danksy 'n mens en mensewerk nie, maar ondanks ons, danksy God alleen.

Ek vestig u aandag laastens op die feit dat Abram van die HERE slegs 'n belofte ontvang. Die vervulling daarvan sien hy nog nie. Hy moet glo dat God sal doen wat Hy beloop het en dat Hy Abram se geloof ryklik sal beloon. Dit maak Abram se keuse so moeilik. En maak dit nie ook vir ons christen-wees vandag so moeilik nie? Die wêreld geniet die wêreldse dinge. Hulle het dit in hande, soos Lot ook die weelde van Sodom daadwerklik besit het. En ons? Ons as gelowiges het dikwels net 'n belofte. Daarmee moet ons tevrede wees. Soms is die versoeking daarom groot om maar op te gaan in die wêreld en te geniet van dit wat die wêreld bied. Maar let dan op die einde van Lot.

3. Slot.

Die Woord moet ons leidsman wees:

- Laat u oë liever gelei word deur die skitterglans van die goud van die Woord,
- as deur die misleidende glans van die wêreld se klatergoud.

AMEN